



water & forestry

Department:  
Water Affairs and Forestry  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


# Mokolo en Krokodil (Wes) Wateraanvullingsprojek (MKWAP)

Fase 1: Verhoogde Toevoer vanuit Mokolodam

DEAT Verwysingsnommer: 12/12/20/1465

**OMVANGSBEPALING & OMGEWINGSIMPAKBEPALING**

**AGTERGRONDINLICHTINGSDOKUMENT –  
OMVANGSBEPALINGSFASE**



**NEMAI CONSULTING**

147 Bram Fischer, Ferndale, 2194

P.O. Box 1673, Sunninghill, 2157

Tel: 011 781 1730

Fax: 011 781 1731

Email: salomonp@nemai.co.za

## 1. DOEL VAN AGTERGRONDINLICHTINGS ASOOK OMGEWINGSIMPAKBEPALING (OIB)

Die doel van hierdie dokument is as volg:

- Dien as 'n inleiding en beskrywing van die voorgestelde konstruksie van 'n pyplyn parallel aan die bestaande pyplyn vanaf Mokolodam na die Lephallale omgewing om kapasiteit van toevoer vanuit Mokolodam te vergroot. Die pyplyn sluit ook in 'n verlenging vanaf Matimba na die Steenbokpan area;
- Om 'n oorsig te bied oor die proses betreffende hierdie Omgewingsimpakbepaling (OIB);
- Kennis te gee aan potensiële belanghebbendes om te registreer as Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GP'e) betreffende die Mokolo en Krokodilrivier (Wes) Wateraanvullingsprojek (MKWAP) Fase 1;
- Om aanvanklike kommentaar en bydraes deur B&GP'e te bekom.

Ingevolge Staatskennisgewing No. R. 385 (2006), beteken "Belanghebbende en Geaffekteerde Partye" die belanghebbende en geaffekteerde partye soos na verwys in gedeelte 24(4)(d) van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet No. 107 van 1998), en wat in terme van daardie gedeelte die volgende insluit –

(a) enige persoon, groep van persone of organisasie met belangstelling in of geaffekteer word deur 'n aktiwiteit; en

(b) enige staats instansie wat jurisdiksie mag hê oor enige aspek van die aktiwiteit.

Die doel van die OIB is om moontlike impakte te identifiseer en te evalueer, om maatreëls wat negatiewe impakte vermy of verminder aan te beveel en om positiewe impakte te bevorder.

Fokus van AID

## 2. AGTERGROND & INLEIDING

'n Tekort aan elektrisiteit in die land maak dit tans noodsaaklik vir ESKOM om oprigting van bykomende kragstasies te versnel. Gevolglik het ESKOM tydens 2007 begin met die konstruksie van die nuwe Medupi Kragstasie in die Lephallale gebied. Dit is in die Mokolo Rivier opvangsgebied. Hierdie ontwikkeling verg uitbreiding t.o.v. steenkoolontginning, en daarmee gepaardgaande sekondêre en tersiêre ontwikkelings. Daar is ook 'n sterk moontlikheid vir oprigting van verdere kragstasies, asook petro-chemiese industrieë, in hierdie gebied. Die uitgebreide steenkoolreserwes skep die geleentheid vir bogenoemde ontwikkelings in hierdie gebied en daar word verwag dat dit 'n skerp styging in aanvraag na water tot gevolg sal hê. Ongelukkig is beskikbaarheid van water in hierdie gebied beperk. Die Departement van Waterwese en Bosbou (DWA) het die Mokolo en Krokodilrivier (Wes) Water Aanvullingsprojek van stapel gestuur om te voldoen aan die huidige en verwagte munisipale en industriële behoeftes van die Lephallale en Steenbokpan areas.

Die Departement van Waterwese en Bosbou (DWA) het die studieraamwerk vir die MKWAP Uitvoerbaarheid Studie in vyf sleutel modules verdeel. Die modules en die Profesionele Dienste Verskaffers wat aangestel is om die werk te onderneem is soos volg:

- Die **Projek Koördinerings en Bestuurs Module** - Ninham Shand Consulting Service in assosiasie met PD Naidoo and Associates (PDNA) Ltd en Urban-Econ Developmental Economists.
- Die **Tegniese Studie Module** insluitend waterbron evaluasie, ingenieursassessering van infrastruktuur opsies en omgewingsevaluering - Africon (Pty) Ltd in assosiasie met Kwezi V3, Vela VKE en spesialiste.
- Die **Omgewingsbestuurs Module** - Nema Consulting.
- Die **Streekseksonomie Module** – geen Profesionele Dienste Verskaffer is aangestel tot hede.
- Die **Institusionele en Finansiële Module** sal onderneem word deur die *Trans Caledon Tunnel Authority* (TCTA).

Die infrastruktuuropsies vir die aanvulling van watervoorsiening na die Lephallale area sluit die volgende in:

1. **Verwydering van bottelnek** op 'n bestaande Exxaro pyplyn van Mokolodam na Lephallale;
2. **Fase 1:** Verhoog die toevoer vanaf Mokolodam; en
3. **Fase 2:** Oordrag van water vanaf die Krokodilrivier (Wes) na die Lephallale-gebied.

In terme van die Omgewingsbestuurs Module sal verskillende omgewingsimpakbepalings uitgevoer word vir die bogenoemde drie projekte (soos bespreek in Gedeelte 4).

## 3. PROJEK BESKRYWING – FASE 2

Fase 1 sluit in die verbetering van die leweringskapasiteit vanaf die Mokolodam om aan die groeiende waterbehoefte te voldoen vir die interim periode totdat die oordragpyplyne vanaf die Krokodilrivier (Wes) geïmplimenter kan word. Die oplossing moet oor die lang termyn die volle lewering van die Mokolodam optimaal benut.



Die Mokolodam het 'n langtermyn lewering van 39.1 miljoen m<sup>3</sup>/jaar waarvan 10.4 miljoen m<sup>3</sup>/jaar vir besproeiing toegewys is. Die Witskrif toewysing van 10.4 miljoen m<sup>3</sup>/jaar word gebruik deur die Mokolo

Besproeiings-raad deur 'n huidige 16 of 0 miljoen m<sup>3</sup>/jaar bedryfsreël. Die oorblywende 28.7 miljoen m<sup>3</sup>/jaar is beskikbaar om aan die munisipale en industriële behoeftes van Lephalale en Steenbokpan areas te voorsien.

Totdat Fase 2 in diens gestel word, sal die gebruik van Mokolodam teen 'n hoër risiko plaasvind om te kan voldoen aan die toenemende aanvraag deur verbruikers. Die volgende twee opsies is geïdentifiseer en is ondersoek as die mees lewensvatbare opsies om water tydens die eerste fase vanuit die Mokolodam oor te dra aan verbruikers:

- Konstruksie van 'n pompstasie en 'n nuwe pyplyn vanaf Mokolodam na Zeeland, Matimba en Medupi kragstasies en van daar na die Steenbokpan- gebied vir voorsiening van water vir ontwikkeling van bykomende kragstasies, petro-chemiese aanlegte, aktiwiteite vir die ontginning van steen- kool, asook die verdere ontwikkelings wat daaruit voortspruit. Die gedeelte van die pyplyn tussen Mokolodam en Matimba kragstasie sal parallel (of naby aan) die bestaande pyplyn vir die grootste gedeelte van die roete gelê word. Dit word beskou as die mees aanvaarbare verkieslike opsie.
- Konstruksie van 'n stuwal en 'n onttrekkingsaanleg, en 'n hoëdruk pompstasie stroomaf van Mokolodam asook 'n pyplyn om die water te lei na Zeeland, Matimba, en Medupi kragstasies, asook Steenbokpan.

Die bygaande kaart op bladsy 5 illustreer die voorgestelde roete.

#### 4. OMGEWINGSBEPALING

##### 4.1 Proses

MKWAP vereis omgewingsgoedkeuring kragtens die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Nommer 107 van 1998), in ooreenkomstig met die Omgewingsimpakbepaling (OIB) Regulasies, (Staatskennisgewings Nommers R385, R386 en R387). Nema Consulting is aangestel deur DWAF as die onafhanklike Omgewingsbeoordelingspraktisyn om die omgewingsbeoordeling te doen vir MKWAP.


Die owerheid vir hierdie OIB is die Nasionale Departement van Omgewingsake en Toerisme (DEAT). Limpopo se Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewingsake en Toerisme (LEDET) is ook 'n deelnemende owerheid in hierdie proses. Aansoek is gedoen om die volgende drie afsonderlike omgewingsbepalings te onderneem:

- Verwydering van Bottelnek – **Basiese Bepaling**;
- Fase 1 – **Omvangsbepaling en OIB**; en
- Fase 2 – **Omvangsbepaling en OIB**.

Die onderverdeling van MKWAP in drie omgewingsbepalings word gedoen vir die priorisering van die verskillende fases van die projek.

Hierdie AID is slegs vir die Omvangsbepaling en OIB van MKWAP se Fase 1. Afsonderlike omgewingsimpakbepalings sal gedoen word vir die verwydering van die Bottelnek en Fase 2 (soos hierbo bespreek).

Die onderstaande diagram gee 'n oorsig van die proses vir die Omvangsbepaling en OIB vir MKWAP Fase 1. Daar word verwag dat die proses teen Mei 2010 tot slotsom sal kom (*let daarop dat die datums moontlik kan verander*).



**Let hierop:** Die DEAT verwysingsnommer toegewys aan MKWAP Fase 1 is **12/12/20/1465**

Magtiging deur die Departement van Minerale en Energie (DME) vir ontginning van leengroewe vir konstruksiemateriaal, sal kragtens die Wet op Ontwikkeling van Minerale- en Petroleumhulpbronne

(Nommer 28 van 2002) ook nodig wees. Dié proses sal terselfdertyd plaasvind as die OIB.

#### 4.2 Spesialisstudies

Op hierdie stadium is die volgende spesialisstudies geïdentifiseer vir MKWAP Fase 1:

- Ekologiese (land- en water-) studie;
- Erfenisimpakbepaling; en
- Sosio-ekonomiese Studie.

Bykomende studies kan namate die OIB proses vorder, geïdentifiseer word.

#### 4.3 Openbare Deelname

Die openbare deelname proses wat tans aan die gang is vir MKWAP Fase 1 behels die volgende:

1. Opstel van 'n databasis oor B&GP'e, insluitende grondeienaars binne 'n 200 m wye strook (dit is 100 m aan weerskante van die roete vir die pyplyn), waterverbruikers, belanghebbendes, owerhede en die algemene publiek;
2. Kennisgewing aan B&GP'e deur middel van kennisgewingsborde en koerantadvertensies (plaaslike en streekkoerante), asook verspreiding van die Agtergrondinligtingsdokument (AID);
3. Reël van ope dae vir publiek en owerhede waarop onderwerpe betreffende die projek bespreek kan word;
4. Geleentheid te verskaf aan B&GP'e om die Omvangsbepalings-, asook die Omgewingsimpakbepalingsverslag (wat later in die proses voltooi sal word) te evalueer; en
5. Die DEAT besluit oor omgewingmagting in die plaaslike koerant te adverteer en alle geregistreerde B&GP'e daarvan in kennis te stel.

B&GP'e word aangemoedig om deel te neem aan die proses sodat alle verwagte aangeleenthede aangespreek kan word en ingesluit kan word in die Omvangs-, asook die OIB-verslag.

Die volgende openbare ope dae (in chronologiese volgorde) sal gehou word as deel van die breë MKWAP konsultasie proses. Neem asseblief kennis dat Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GP'e) welkom is om Ope Dae wat nie spesifiek is tot Fase 1 is nie, by te woon.

Fase 2	
27 Mei 2009	
Area:	Thabazimbi
Lokaal:	Kumba Bioskoop Saal
Tyd:	08h00 – 13h00
27 Mei 2009	
Area:	Lephalale
Lokaal:	Mogol Konferensie Saal
Tyd:	15h30 – 19h30

Fokus van AID

Fase 1	
28 Mei 2009	
Area:	Lephalale
Lokaal:	Mogol Konferensie Saal
Tyd:	08h00 – 13h00

Verwydering van Bottelnek	
28 Mei 2009	
Area:	Mokolo Dam Area
Lokaal:	Ashante Konferensie Fasiliteit
Tyd:	15h30 – 19h30

'n Openbare vergadering word gereël om bevindinge van die Omvangsbepalingsverslag bekend te maak. Besonderhede oor hierdie vergadering word later bevestig.

Tydens die OIB Fase sal 'n openbare vergadering belê word om onder andere die bevindinge van die spesialisstudies, asook die vordering van die omgewingsimpakbepaling bekend te maak. Besonderhede oor die tweede openbare vergadering sal later tydens die proses gekommunikeer word.


#### Toestemming om eiendom te betree

Lede van Departement Waterwese (DWAF) se ondersoekspan sal die projekgebied in die nabye toekoms besoek. Privaat en gemeenskaplike eienaars word vriendelik versoek om toestemming te verleen om hulle grond te betree. Spanlede sal dokumentasie van DWAF aanbied vir identifikasie.

#### 4.4 Registrasie as B&GP'e asook vir bywoning van Openbare Ope Dae

Ten einde te verseker dat u geregistreer word as 'n B&GP, voorsien asseblief u naam, kontakbesonderhede en belang in die projek voor, deur meegaande Terugvoeringsvorm te voltooi. Dit is belangrik dat u vooraf die ruimte wat op die vorm voorsien word, gebruik om te registreer vir die openbare ope dae. U kan ook kommentaar rakende die projek aanbring op die Terugvoeringsvorm. Die tydperk waartydens u die Terugvoeringsvorm aan Nema Consulting kan terugbesorg en om te registreer is as volg:

**15 Mei 2009 – 19 Junie 2009**



Oriënteringskaart – MKWAP Fase 1

**5. KONTAKBESONDERHEDE**

Vir enige navrae betreffende die projek, kontak asseblief die onderstaande Omgewingsinvloedpraktisyn:



Posbus 1673  
Sunninghill  
2157

**Kontak:** Salomon Pienaar  
*(Koördinator van Openbare Deelname)*  
**Tel:** (011) 781 1730  
**Faks:** (011) 781 1731  
**e-pos:** salomonp@nemai.co.za

DWAF Projek Webwerf : <http://www.dwaf.gov.za/projects.asp>

*Dankie vir u deelname*



**OMGEWINGS & SOSIALE KONSULTANTE**

Posbus 1673  
SUNNINGHILL  
2157

Bram Fischer-Ryalaan 147  
FERNDALE  
2194

Tel: (011) 781 1730  
Faks: (011) 781 1731  
e-pos: salomonp@nemai.co.za

**MOKOLO EN KROKODILRIVIER (WES) WATERAANVULLINGSPROJEK  
(MKWAP):**

**Fase 1: Verhoogde Toevoer vanuit Mokolodam  
DEAT Verwysingsnommer: 12/12/20/1465**

**Terugvoeringsvorm**

**Registrasie as 'n Belanghebbende en Geaffekteerde Party**

*(Voltooi en stuur aan Salomon Pienaar voor 19 Junie 2009:)*

<b>Datum:</b>				<b>Amptelike Gebruik</b>
<b>Organisasie se Naam: (indien toepaslik)</b>				<b>Datum ontvang:</b>
<b>Naam &amp; Van:</b>				<b>Ons verwysing:</b>
<b>Adres</b>	<b>Pos:</b>	<b>Fisies:</b>		<b>Status</b>
<b>Telefoon- nommer:</b>				
<b>Selfoon- nommer:</b>				
<b>Faks- nommer:</b>				
<b>e-pos:</b>				
<b>Registrasie as B&amp;GP</b>	<input type="checkbox"/> <b>Ja</b>		<input type="checkbox"/> <b>Nee</b>	
<b>Ek wil die Openbare Ope Dag op 28 Mei 2009 te Mogol- Konferensiesaal om 08h00 tot 13h00 bywoon:</b>	<input type="checkbox"/> <b>Ja</b>		<input type="checkbox"/> <b>Nee</b>	

**Sluit asseblief die kontakbesonderhede in van enige moontlike ander B&GP'e waarvan u dalk bewus is:**

**Kommentaar:** *(let wel – bykomende bladsye mag ingesluit word indien die ruimte wat voorsien word, te min is )*